

Vrygespreek in Christus

Wat dink die Here op hierdie oomblik van jou, gelowige? Hoor net wat sê Paulus (vs 1): “Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie.” Kom ons erken dit: Elke gelowige ’n behoefte het aan vryspraak. Ons almal worstel met ons sondes. Saam met Paulus voer ons die stryd in ons lewe dat ons die goeie, wat ons wil doen, nie doen nie, maar die slegte, wat ons nie wil doen nie, tog doen (Rom 7:19). Selfondersoek bring ’n ware gelowige by die uitroep van Paulus (Rom 7:24): “Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?” As ’n mens se sondes soos ’n groot berg tussen jou en God staan, dan is dit wonderlik om te hoor: “Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus is nie.”

Die “geen veroordeling” beteken eenvoudig dat God as die hoogste Regter géén enkele sondeklag teen jou vind nie. Die klagstaat teen jou is skoon. Christus het vir al jou sondes betaal. God spreek jou vry. Hoor jy dit? Voor God staan jy op hierdie oomblik deur die bloed van Christus skoon en daarom is jy vrygespreek.

As jy glo wat die Woord hier vir jou sê het die verlossingswerk van Christus ’n effek, ’n uitwerking in jou lewe. Paulus sê dat God sy Heilige Gees aan ons gee sodat ons hierdie vryspraak in ons lewens kan toeëien en beleef (vs 10). Die Gees oortuig ons nie alleen dat ons nou kinders van God is nie, maar Hy laat ons opgewonde en dankbaar leef as vrygespreektes op elke gebied van ons lewe. Die blydschap en dankbaarheid vir hierdie sondevryspraak kan eenvoudig nie meer weggesteek word nie. Kan die effek van Christus se verlossingswerk ook in jou lewe gesien word?

Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2

Ds. TJ Potgieter (Bloemfontein-Noord)